GELD MAAK **SAAK**

ONS GLO GELD MAAK SAAK, U MOET OOK

Welkom by African Bank.
Dankie dat u ons as u kredietvennoot gekies het. Ons is daartoe verbind om deur middel van ons produkte en dienste billike behandeling aan ons klante te bied. Hierdie dokument is u maklike gids om krediet te verstaan asook hoekom u finansies saakmaak.

VERSTAAN U KREDIETPROFIEL:

U kredietprofiel is 'n weerspieëling van hoe goed u u skuld en terugbetalings van u skuld beheer. 'n Negatiewe kredietverslag kan op verskillende maniere 'n invloed op u hê:

- 'n Kredietverskaffer of die bank kan hierdie verslag gebruik om die risiko te bepaal wat hy sal moet dra as hy aan u krediet verskaf;
- As u u kredietverslag wil hê, kan u dit van die krediet aanvra. U is geregtig op een gratis kredietverslag per jaar.

As u u kredietverslag wil hê, kan u dit van die krediet aanvra. U is geregtig op een gratis kredietverslag per jaar. IAs u in dieselfde jaar nog 'n verslag wil hê, sal u 'n klein bedrag moet betaal.

U regte as u negatief gelys is by die kredietburo:

U het die reg om die inligting by die kredietburo te bevraagteken as u glo dat die inligting onakkuraat is.

Stap 1: Kontak die betrokke Kredietburo:
Experian-Kredietburo: 0861 105 665 or
TransUnion-Kredietburo: 0861 482 482.

Stap 2: As u nie met die kredietburo se bevindinge/antwoord tevrede is nie, kan u die Kredietombudsman kontak by 0861 662 837.

Stap 3: As u nog nie tevrede is nie, kan u 'n klagte by die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) indien deur die volgende nommer te

Navrae- en klagteprosedure:

As daar enige aspek van u kredietooreenkoms is wat u nie verstaan nie, of as u oor enigiets anders ontevrede is, volg asseblief die stappe hieronder.

Stap 1: Kontak u naaste African Bank-tak of die Klantedienssentrum by 0861 111 011.

Stap 2: As u nie tevrede is met die hulp of die oplossing wat u gegee is nie, kontak een van die volgende:

Nasionale Kredietreguleerder by tel: 0860 627 627

Die Ombudsman vir Bankdienste by tel: 0860 800 900

Die Kredietombudsman by tel.: 0861 662 837

Vaste teenoor wisselende rente:

Die Reserwebank hef rente van handelsbanke wanneer dit aan hulle geld leen. Dit word die repokoers genoem en kan van tyd tot tyd, na goeddunke van die Reserwebank, verander word.

African Bank-leningooreenkomste het vaste rentekoerse wat teen verandering beskerm word sodat ons klante finansiële stabiliteit het wanneer hulle hulle lenings terugbetaal. Die African Bank-kredietkaart het 'n wisselende rentekoers. Dit beteken dat die rentekoers kan verander as die repokoers verander gedurende die tydperk dat die kaart aktief is.

DIE PAAIEMENT EN TERUGBETALINGSPROSES:

Wanneer u kredietaansoek goedgekeur is, sal die betaling op een van twee maniere aan u gedoen word:

- **Lenings** word direk in u bankrekening inbetaal of in die geval van eksterne vereffenings of betalings, direk aan die derde party soos in u kontrak bepaal.
- Sodra **krediet kaarte** geaktiveer word sal, die goedgekeurde kredietlimiet toegestaan word.

Maandelikse terugbetalings:

Die kredietaansoek sluit 'n mandaat in wat deur u onderteken sal word wat African Bank toestemming gee om volgens u voorkeurbetaalmetode betalings te neem.

Terugbetalingsopsies sluit in:
- Debietorder en salarisaftrekking

U paaiementterugbetalings:

Eerste paaiement betaalbaar:
• **Leningrekening:** 7 dae nadat African Bank aan u of namens u betaal het, tensy u volgende salarisdatum binne die 7 dae val; in daardie geval sal die terugbetaling eers op u volgende salarisdatum betaalbaar wees.
• **Kredietkaart:** 7 dae nadat u u kredietkaart geaktiveer het, tensy u volgende salarisdatum binne die 7 dae val; in daardie geval sal die terugbetaling eers op u volgende salarisdatum betaalbaar wees.

Alle verdere paaiemente:
Betaalbaar op die 1ste dag van elke maand daarna. African Bank sal u paaiementdatum egter sover moontlik met u salarisdatum in ooreenstemming bring.

U AFRICAN BANK-STAAT:

Dit is belangrik om seker te maak dat u staat korrek is en dat dit al die betalings wat u gedoen het, toon. U kan kies om u state maandeliks of kwartaalliks per e-pos, MMS of pos te ontvang. (Kredietkaartstate word altyd maandeliks uitgestuur)

As u nie u staat ontvang nie, onakkurate inligting op u staat wil rapporteer of u kontakbesonderhede of adres wil verander, kontak asseblief African Bank-klantediens by 0861 111 011. (U sal u identiteit moet bevestig om u privaatheid te beskerm.)

FICA-VEREISTES:

Dit is 'n wetlike vereiste dat klante aan African Bank bewys van identiteit en bewys van woonadres moet voorsien wanneer hulle om 'n lening of kredietfasiliteit aansoek doen.

Nodige dokumente:
• 'n Gewaarmerkte afskrif van u identiteitsdokument;
• Bewys van waar u woon, bv. 'n oorspronklike diensterekening van minder as 3 maande oud, met u woonadres duidelik sigbaar op die rekening, of as u 'n huis huur, is 'n ondertekende huurkontrak geldig tot die laaste dag van die huurkontrak.

BETALINGSBESTUUR:

Die betaling van u rekening is noodsaaklik om 'n gesonde kredietprofiel te handhaaf. Die volgende betalingsopsies is aan u beskikbaar:

- **Debietorder:** Sorg dat u geld in u rekening het om die debietorder te dek. As u debietorder nie betaal word nie, kan u bank geld van u hef.
- **EFO van u bank:** Kies African Bank op u lys internetbegunstigdes om 'n betaling elektronies oor te dra.
- **EasyPay:** Gebruik u EasyPay-verwysingsnommer wat op u staat verskyn om by 'n EasyPay-betaalpunt te betaal.
- **Aanlyn betalings:** Besoek www.africanbank.co.za
- **Mobiele betalings:** Skakel *120*225# op u selfoon en volg die instruksies om u rekening te betaal deur middel van debiet.
- **Takbetalings:** Betaal u rekeninge deur u debiet-, tjek-, krediet- of SASSA-bankkaart by ons takke te gebruik.

VOORDELE DAARVAN OM BETYDS TE BETAAL:

- U behou 'n goeie kredietverslag.
- Verbeter u vermoë om in die toekoms krediet te kry.
- Daar is geen bykomende gelde en heffings nie.
- U kan in die toekoms laer rentekoerse aangebied word.

SUKKEL U OM TE BETAAL?

African Bank

Dit is belangrik dat u u krediteure eers kontak om alternatiewe terugbetalingsreëlings te maak. Stel 'n begroting op voordat u 'n reëling maak en werk uit hoeveel u kan bekostig om te betaal.

African Bank sal die volgende opsies oorweeg (gegrond op u persoonlike omstandighede, betalings- en bestedingsgedrag) om u te help:

- **Betalingsreëlings:** Tref 'n betalingsreëling met African Bank sodat ons u kan help om u rekening op datum te bring. Om 'n betalingsreëling te tref, kontak ons by 011 207 4500 of 011 564 7200.
- **Eis teen versekering:** U Guardrisk Life Limited-versekeringspolis kan óf u paaiemente, óf u volle skuld dek in geval van ongeskiktheid, aflegging, dood of korttermynverlies van inkomste. Vir hulp kan u Versekeringseise kontak by 011 564 6827 / 0861 888 786.
- **Skuldberading:** U kan die hulp van 'n onafhanklike skuldberader inwin, aansoek doen om alternatiewe geskillebylegging of skuldadministrasie. Sorg dat u navraag doen oor die addisionele koste voordat u van hulle dienste gebruik maak. Kontak die NKR by 0860 627 627 vir die kontakbesonderhede van 'n skuldberader in u omgewing.
- **Betalingsonderbreking:** In sekere gevalle sal African Bank moontlik bereid wees om u te help deur middel van 'n betalingsonderbreking.

VROEË VEREFFENING VAN KREDIET:

U vereffeningsbedrag sal altyd anders wees as die uitstaande bedrag wat op u rekeningstaat verskyn omdat dit rente en gelde insluit wat tot en met die vereffeningsdatum deur u aan African Bank betaalbaar is.

U kan u skuld enige tyd vereffen; onthou net altyd om African Bank eers te kontak vir 'n vereffeningskwotasie.

Om 'n vereffeningskwotasie te kry, kontak u naaste African Bank-tak of die African Bank-klantedienssentrum. U kan ook *120*225# van u geregistreerde selfoon bel en die instruksies volg.

As u rekening deur prokureurs of skuldinvorderaars bestuur word, sal u hulle direk moet kontak vir die vereffeningsaldo omdat daar moontlik uitstaande regskoste op u rekening is.

Onthou dat u vereffeningskwotasie soos op die vereffeningskwotasie net vir 'n beperkte tyd geldig is.

HOE OM FINANSIEEL GESOND TE BLY:

- Betaal u paaiemente elke keer betyds om bykomende rente en gelde te vermy.
- Betaal u skuld sodra u u salaris ontvang.
- As u rekeninge agterstallig is, is dit belangrik dat u u krediteure kontak om terugbetalingsreëlings te tref om te keer dat hulle regstappe teen u doen.
- Betalings per debietorder is die vinnigste en veiligste opsie wanneer u u skuld betaal.
- Lig u krediteure in wanneer u kontakbesonderhede of bankinligting verander en sorg dat debietorders nie geweier word nie, aangesien dit baie duur is.
- Beplan u begroting en hou daarby.

Moet nooit u situasie ignoreer nie; dit sal sake vererger.

'N BEGROTING:

- 'n Begroting is 'n uiters doeltreffende manier om u finansies te bestuur. Dit toon duidelik hoe u u geld toewys en bied u die keuse om die belangrikste dinge eerste te betaal.
- Dit laat u beheer oor u geld verkry.
- Dit hou u gefokus op u Finansiele doelwitte.
- Dit help u om u besteding en besparing te organiseer.
- Dit waarsku u vroegtydig teen potensiële probleme.

HOE OM 'N BEGROTING OP TE STEL

Volg hierdie maklike stappe oor hoe om u maandelikse begroting doeltreffend te bestuur:

- Skryf u netto maandelikse inkomste neer;
- Skryf al u uitgawes neer;
- Skryf al u skuldterugbetalings neer;
- Trek u uitgawes en skuldterugbetalings van u inkomste af om te bereken wat u maandelikse oorskot of tekort is.

Onthou om altyd tred te hou van u besteding en probeer om binne die begrote bedrae te bly.

AFRICAN BANK-BEGRAFNISPLAN

Kennisgewing van die eisuitslag sal aan die versoeker gestuur word.

HOW TO CLAIM

Stap 1: Haal 'n African Bank-begrafniseisvorm by u naaste African Bank-tak af of besoek ons webwerf by www.africanbank.co.za.

Stap 2: Voltooi die eisvorm en dien dit saam met die vereiste bewyse en dokumente by 'n African Bank-tak in. Kontak andersins African Bank afdeling by 0860 000 979 en stuur die eis direk in per faks: 0816 800 731 of E-pos: funeralplanclaims@africanbank.co.za

Stap 3: Kennisgewing van die eisuitslag sal aan die versoeker gestuur word.

BELANGRIKE KONTAKINLIGTING:

AFRICAN BANK:

Verkope-inbelsentrum (Kredietaansoeke): Tel: 0860 333 004

Klantedienssentrum: Tel: 0861 111 011

Invorderingsinbelsentrum: (Betalingsreëlings) Tel: 011 207 4500

Versekeringsnavrae: Tel: 0861 111 011

Kredietlewenavrae en -eise: Tel: 011 564 6827

Begrafniseise: Tel: 0860 000 979

REGULERINGSLIGGAME:

Nasionale Kredietreguleerder: Tel: 0860 627 627, Webwerf: www.ncr.org.za

Die Ombudsman vir Bankdienste: Tel: 0860 800 900

Die Ombudsman vir Langtermynversekering: Tel: 021 657 5000

Die kantoor van die Ombudsman vir Finansiëlediensteverskaffers: Tel: 0860 324

Die Nasionale Verbruikerskommissie: Tel: 086 026 6786

Die Kredietombudsman: Tel: 0861 662 837

Die Kredietburo:

Experian: 0861 105 665

TransUnion: 0861 482 482

Versekering onderskryf deur die Guardrisk Life Limited Reg No: 1999/013922/06
African Bank is 'n gemagtigde finansiëledienste- en geregistreerde kredietverskaffer.
NCR Reg No: NCRCP7638.

CED1609_001b_MoneyMatters_A4 Info Sheet_Afr